**Jac. J. du Toit!**

Die studente kleremaker nooi u om die nuwe voorraad stoffasie te kom besigtig en u keuse te doen.

Studente kleurbaadjies kan u hier kry.

Op hoek van Van Reyneveldstraat en Pleinstraat.


# DIE MATIE

STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT.

Gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery en uitgegee deur die A.N.S.-Tak Stellenbosch

ORGAAN VAN A.N.S.-TAK.


**VILJOEN**

se fietswinkel sal u fiets weer repareer. Bring dit net.

FIETSE EN FIETSPARTE NOU IN VOORRAAD.

Alles teen die billikste terme.

Onthou—
Net langs Suikerbossie.

DEEL I, No. 3. VRYDAG, 15 AUG. 1941. PRYS 1d.

# 'n Uitdaging aan Stellenbosch.

## Oud-Voorsitter Dui Weg Aan.

### A.N.S. en Sy Toekomstaak

**„Ons hoogste ideaal is die Vryheidsideaal. Die Vryheid waarvoor ons stry is dieselfde as dié waarvoor die Boere-Republieke in 1899 die stryd gevoer het," aldus Ds. D. C. S. van der Merwe, oud-voorsitter van die A.N.S., in 'n toespraak voor die plaaslike A.N.S.-tak Dinsdagaand.**

*„Stellenbosch, as die bakermat van die Afrikanerdom op akademiese gebied het, in medewerking met die Noordelike Universiteite, in 1934 die grondslag gelê vir die stigting van die A.N.S."*

Reeds in Desember 1933 het die stryd wat daar ontwikkel het in die geledere van Afrikaanse Studente oor afskeiding van Nusas of nie, al begin afneem. Ons het besef dat dit in ons eie belang is as Afrikaanse studente dat ons al ons kragte mobiliseer — en dit kon ons alleen bereik deur die stigting van en aansluiting by die A.N.S. Daarom is dit ook die plig van elkeen van u as Stellenbosche student om aan te sluit by die A.N.S.

Indien ons in Suid-Afrika weer die Vierkleur van Paul Kruger gehys wil sien, dan rus dié verantwoordelikheid op ons as A.N.S.

Die punt in ons Vryheidsmanifes waarteen daar die meeste beswaar ge-opper was, is die stelling van Afrikaans as enigste taal. Die Here 19 van Stellenbosch was die eerste om beswaar te maak, en die A.N.S. het hul reeds ge-antwoord. Ons moet ons eers beywer vir die regte van Afrikaans en kan ons daarna bemoei met die belange van ander.

AUTOKRASIE OF DEMOKRASIE?

Ons is beslis nie autokraties nie en meer beslis nie demokraties nie. In die natuur kry ons die ingeskape verhouding tussen leiers en volgelinge — 'n leier sonder volgelinge kan daar nie wees nie. Die autokrasie wil hê dat die leier alles moet wees en die volgelinge niks. Die demokrasie beskou die leiers weer slegs as implemente in die hande van die volk. Maar die leiers en hul volgelinge tesame is die krag — afsonderlik beteken hulle nie veel nie!

Eerste van alles moet ons leer om die Allerhoogste Gesag te respekteer en te volg, maar die demokrasie soos ons hom vandag ken, gebasseer op ongeregtigheid en wantroue, kan en wil hierdie beginsel in die algemeen nie erken nie.

GEHOORSAAMHEID

Die eerste en laaste vereiste wat ons onsself moet stel, is om gehoorsaam te wees. Absolute gehoorsaamheis aan die wette van die Allerhoogste is wat ons bedoel met die idee van 'n Christelike Leierskapbeginsel.

Ons verskil van die autokrasie in soverre dat ons 'n Hoër Gesag erken. Sodra ons nie 'n Hoër Gesag erken nie dan word ons onmiddellik diktatoriaal.

Laat ons Die Bybel neem as ons maatstaf vir waarheid, want dan en dan alleen kan ons as volk ons Godgegewe roeping vervul. Die krag van ons volk lê juis daarin dat hy bly vashou aan Die Bybel, en dit maak ons soveel sterker dan ander Europese volkere. In Engeland byvoorbeeld is 95% van die dosente en studente totaal ongelowig.

GEEN NAZI-BELEID

Ons is nie nasionaal sosialiste nie al gebruik ons somtyds die term. Die beskuldiging as dat ons Duitsland navolg is onwaar — ons volg slegs die waarheid. In baie opsigte is ons Duitsland ver voor. Hitler se idee van die suiwerheid van ras is reeds jare vantevore in Suid-Afrika gepropageer en na die beste van ons vermoë, waar dit moontlik was, deurgevoer. Ook sy beleid oor die afskaffing van Huurtroepe en die daarstelling van 'n volksleër is hier reeds ingebruik gewees so vroeg as Vegkop, Bloedrivier en die Boere-oorlog. Die Duitse standpunt oor klasonderskeid en maatskaplike sosialisasie is ook iets wat reeds van die ontstaan van die Boerenasie by ons in werking was. Daar is dus wat hierdie drie grootste ideale van Adolf Hitler betref, afdoende bewys dat ons hom nie nagevolg het nie maar eerder ver vooruitgeloop het.

Die hys van die Vierkleur sal die begin wees van ons werk en nie die einde nie. Daarom moet ons onsself mobiliseer sodat die Lied van Jong Suid-Afrika oor die hele land sal dreun," alsdus ds. van der Merwe.

SLUIT AAN BY DIE A.N.S.

In sy welkomswoord aan die spreker het die voorsitter, mnr. Joubert, gewys op die noodsaaklikheid dat elke Afrikaanse student 'n lid van die A.N.S. moet wees „Dis die enigste organisasie" het hy gesê „wat ons Afrikaanse studentelewe in al sy vertakkinge kan verteenwoordig, en waardeur ons as sulks ons bydrae aan ons volk kan gee."

## C.S.V.-Hoofgebou byna Voltooi

Die nuwe C.S.V. hoofgebou, wat al gedeeltelik in gebruik geneem is, sal, na berig word, aan die einde van hierdie maand voltooi wees, wanneer die nuwe Uitspan-koffiehuis o.a. geopen sal word.

Die offisiële inwyding van die gebou sal egter eers plaasvind oor die naweek van 19 tot 21 September. Programme vir die Vrydagaand, Saterdagoggend en -aand sal deur die plaaslike C.S.V. bestuur gereël word. Saterdagnamiddag sal die inwydingsrede en ander toesprake, ens. gehou word. By hierdie geleentheid word C.S.V. vriende en belangstellendes van heinde en ver verwag.

## Jan-Pierewietgeselskap en O.B. werk saam.

Aangesien die Jan-Pierewietgeselskap en die Kaaplandse O.B. op een gebied, nl. die propagering van volksang, -danse en -spele, dieselfde doel beoog, het die Kaaplandse O.B. die plaaslike A.N.S.-tak genader om die samewerking van die Geselskap te verkry.

Die Bestuur het die voorstel hul steun gegee en die samewerking begin dus dadelik. Die J.P.-Geselskap sal net soos in die verlede sy volle identiteit bewaar en al sy winste wy aan die Saalfonds. Op konserttoere sal die organisasie deur die O.B. waargeneem word, en op sy beurt sal die Geselskap by geleentheid van O.B.-funksies, of op versoek van die O.B., van sy lede beskikbaar stel om voorligting te gee.

Hierdie algemene ooreenkoms beloof baie vir die toekoms en skep 'n verdere band van samewerking tussen die O.B. en die A.N.S.

## Die Reddingsdaad en Studente-Unie.

'n Groep Stellenboschse dosente het ingewillig om 'n bedrag van £500 vir die Reddingsdaad te gee indien 1,000 studente elk 1/- bydra. Kollektelyste sal binnekort onder alle studente gesirkuleer word.

Hier is nou u kans om 'n studentebydrae, wat Stellenbosch waardig sal wees, vir 'n grootse doel te gee!

## Die Langenhovengedenksaal

### ONS GROOTSE SKEMA

### Reeds oor die £4,000 Ingesamel

Die fonds vir ons studentesaal (die Langenhovengedenksaal - fonds wat die A.N.S. enkele jare gelede in die lewe geroep het) staan tans op £4,060. Hiervan het die A.N.S. deur kollektelyste en veral deur middel van die Jan-Pierewietgeselskap £1,450 bygedra, terwyl hy nog 'n balans van £300 in die bank het wat in die fonds gestort moet word, plus die ongeveer £260 skoon wins wat die jongste toer opgelewer het. (Die res van die totale som bestaan uit ou fondse vir 'n studentesaal en skenkings deur die S.V.R. van tyd tot tyd).

Onder huidige omstandighede, met die veronderstelling dat die Regering £ vir £ gee, moet ons mik na ten minste £15,000. Die tyd het aangebreek dat ons hierdie veldtog wat nou deur die A.N.S.-tak alleen gevoer word, geweldig verskerp en alle middels hier plaaslik aanwend om fondse in te samel.

**By voorbeeld, watter dameskoshuis gaan die eerste wees om die winste van een of ander funksie (òf heeltemal òf gedeeltelik) in die Fonds te stort?**

**Wat is U Bydrae tot U Eie Saalfonds?**

**Suikerbossie Melksalon.**

●

HOOFKWARTIER
van
GESONDHEID

●

Ligte Etes, Melkdranke (warm en koud), Koffie, Tee en Lekkers.

Onder persoonlike toesig van

OOM HUGO.

**Gebroeders De Wet**
(EIENS.) BPK.
ALGEMENE HANDELAARS, SPORT-UITRUSTERS EN PRAKTIESE SNYERS
met 'n bestaan van byna 50 jaar.

●

Ons sorg vir al u benodighede. Ons waarborg 20/- in die £ se waarde met goeie behandeling en volkome tevredenheid.

●

*Onthou die Ou Adres.*

**Gebrs. De Wet (Eiens.) Bpk.**
h/v. Kerk- en Birdstraat.
STELLENBOSCH.
Posbus 21. Foon 20.

*„NIKS VIR NIKS EN 'N BAIE BIETJIE VIR 'N SIKSPENS."*

Hierdie spreekwoord is egter nie van toepassing op ons

UITVERKOPING
van BOEKE teen
WEGGEE-PRYSE,
nie.

U sal heelwat vir 'n sikspens kry.

*Kom soek uit.*

**C.S.V.-Boekhandel**
STELLENBOSCH.

APTEKERS

Ons bied u deskundige bediening en betroubare medisyne aan. Deskundige Fotografiese Handelaars.

—

Maak gebruik van Ons Vlugge Fotografiese Posdiens.

—

**Joerning en Seun**
(Eiens.) Bpk.,
Hoek Bird- en Pleinstraat,
STELLENBOSCH.

# Op Ons Sportvelde.

## Voetbal

### NABETRAGTING

Die Eerstespan het toe nie laat sleg lê nie, maar Ham.-Vills goed opgekeil. Daardie 14—3 pak en Peet se breekslae, as hy sy lyf so netjies soos die „Skraal Man" deur 'n gaping, wat nie bestaan nie, pluk, sal hulle glo nie lig vergeet nie. Christoff wat vir afleiding die bal vang met sy rug na die spelers gekeer en glad nie daarvan hou dat manne soos Sally du Toit vir hom weghardloop nie, verdien ook om genoem te word.

Klaas du Bois het sy lyf Dowe Martiens van Kriekbult gehou in die tokkamer voor die wedstryd en toe Laat in sy oor bulder, „Mooi dag nê!" antwoord hy getroos, „Ja ek ken haar." Ek wonder wat hy daarvan sê dat Christoff sy kopstuk gebruik vir 'n handdoek.

### JUNIOR UITSLAE

Piekniek het die „seconds" nie juis gehou teen Ikeys se derdespan op Groote Schuur nie, want as mens maar 3—0 voorloop, is dit roekeloos om gerus te voel.

Wynberg moes dit 22—7 ontgeld teen die Tirds en ofskoon daardie aardige agterste voorspeler weer vir hulle diens gedoen het, kan sy fratse nie die manne se wil om te wen beinvloed nie. Dié trippie toe Arrie deur Wynberg se span vleg soos Jan van der Merwe vanmelewe deur die verkeer by Nuwelande, het ek maar eenkant-toe gebloos vir hulle ontwil. As die derdespan se ag losvoorspelers eers beter samespel in die los ontwikkel het, gaan dit lol in die Junior kompetisie.

Nic Michau beweer dat hy reeds die E.P.N.S. wat op die beker gedruk staan, kan sien, noudat sy span Belville 6—o gewen het. Die vyfde span het deuskant die bult op Tokai se veld bly staan en moes tevrede wees met 9 punt teenoor 14 van Tokai.

Volgens ek verneem het die O 19 A 'n logaritme boek nodig gehad vir die berekening van hulle telling teen Tuine se O 19 A. Die B-span het 'n „Ready Reckoner" (?) voldoende gevind vir hulle telling.

## Intervarsity

Saterdag kom Stellenbosch teen Ikeys te staan in die vieruur-wedstryd op Nuwelande. Aan 'n voorspelling waag ek my nie, want in so 'n wedstryd is daar te veel faktore wat bydra tot die uitslag. Met ons span op volle sterkte en Ikeys in 'n uitstekende toestand van afrigting — vra maar vir die Paarliete daarna — kan 'n baie opwindende wedstryd verwag word. Welke span ookal voorloop, sal hy nooit kan gerus voel voordat die eindfluitjie geblaas het nie.

## Stoei

### DIE ANDER KANT VAN DIE SAAK

Ondanks kritiek is daar oorgageen tot die stigting van 'n stoeiklub vir beoefening van die professionele styl. As breier beskik hierdie klub oor die bekwame dienste van Jack Steyn, 'n oud-leerling van Bull Hefer, die Swaargewig stoeikampioen van Suidwes.

Die professionele styl verskil so hemelsbreed in wese van die amateur styl dat die twee soorte feitlik net in naam verwant is. Dit doen definitief afbreuk aan 'n persoon wat amateur stoei beoefen om aan die professionele styl deel te neem en omgekeerd. By laasgenoemde gee die stoeier mee en laat hom gooi — grepe speel die hoofrol hier. In eersgenoemde daarenteen sit die stoeier hom teë en word geen grepe teen die gewrigte toegelaat nie.

Die stigting van die nuwe klub behoort dus nie afbreuk te doen aan die reeds bestaande stoeiklub nie, maar wil alleen 'n kans gee aan diegene wat aan professionele stoei wil deelneem terwille van aanskouelikheid en die erkende waarde daarvan in selfverdediging. 'n Kennis van dié styl is baie handig ingeval daar 'n ou moeilikheidjie voorval en daar nie juis kans is om dit mondelings te skik nie.

Hier is genoeg materiaal en entoesiaste om beide klubs te laat bloei en ons hoop alleenlik dat daar geen ongevraagde antagonisme tussen die twee sal ontstaan nie.

## Jukskei

### STUDENTELAER GESTIG

Die leemte wat daar nog altyd in ons sport alhier bestaan het, is aangevul toe die Matie Jukskeilaer onlangs gestig is. Almal wat van plan is om aan te sluit — by die laer natuurlik — kan dit doen by een van die bestuurslede, wat hieronder aan die kaak gestel word.

As voorsitter, staan Dammies Fourie aan die spits. Hy is die enigste man wat nog kan dammie as hy reeds oor die doellyn is. Daar word gemeen dat hy sy dammiebeleid sal moet verander in die nuwe sport, omdat dit die mees ongewenste manier is om die pen te probeer omkry. Ook sal hy beter maniere moet aankweek as wat hy Saterdag op die voetbalveld geopenbaar het, toe hy die spanne regs laat posisie inneem en die bal links afgeskop het.

Ou Grobbie moet as sekretaris ageer en sal as nederige wapendraer alle geskille tussen Boertjie en die res van die lede moet oplos.

Die drie ander bestuurslede is: „Care off," die man wat reeds meneer is en deur die storms van die lewe geteister is — oor hom sal daar geswyg moet word; Dapsie Bekker, die kokkedoor wat op sy mooiste glimlag wanneer hy nou regtig laf vies is; Derdens, ou Greeffie, wat die meeste te sê het in Seksie 13, maar nogtans 'n Israeliet is in welk geen bedrog skuil nie.

Dis van hierdie menere wat Ikeys kennis geneem en reeds hulle bome begin vetsmeer het. Die Matie-laer dra die seën van ieder en 'n elk en 'n enkele van die Kriekbulters weg.

## Boks

### DIE HADLEY-SKILD

Onder toesig van Topsy Smith, wat as bestuurder opgetree het, het die U.S. boksspan na Pretoria afgereis kort voor die Junie-vakanisie, om te gaan deelneem aan die inter-universitêre bokskampioenskappe om die Hadley-skild.

Ongelukkig is Topsy, wat ook sou deelneem, taamlik ernstig beseer in die trein. Hy moes ondervind dat mens nie sonder letsel jou elmboog deur 'n glasvenster kan steek nie. Die besering was van so 'n aard dat hy 'n paar dae in Pretoria hospitaal moes vertoef.

Party lede van die span moes op reis na Pretoria vriend Ghandi naboots om sodoende hulle gewig in toom te hou.

Wat die boks self betref, was U.S. nie juis van die suksesvolste nie. Dit is miskien die beste om een van die koerant verslae aan te haal. Dit lui: „U.P. buit weer die Hadley-skild. Wits neem die tweede plek in, met U.K. kort op hul hakke. Rhodes en U.S. het ook deelgeneem."

Hoewel ons span nie waffers goed gevaar het nie, moet onthou word dat die lede nog jonk en onervare is. In die toekoms kan nog veel van hulle verwag word. Ofskoon hulle nie eintlik kakebene gebreek het nie, is menige hart in die lydende en bedrywende vorm gekwes. Hieraan was glo veral Boet Louw taamlik skuldig. Die span is so goed onthaal deur U.P. dat sommige lede nog vir 'n addisionele week daar vertoef het.

Topsy se vertrek van Stellenbosch word deur al die boksers betreur aangesien die entoesiasme wat aan die dag gelê is, hoofsaaklik aan sy toewyding te dank is. Gelukkig kan Jan de Kock nou weer boks en hy rig die boksers in alle erns af vir die jaarlikse intervarsity teen U.K., wat aan die einde van Augustus in die stadsaal sal plaasvind. Ons kêrels is oorgehaal vir Ikeys en het al by voorbaat 'n paar beddens bespreek vir die Ikeys wat daardie aand onderdeur sal moet loop.

# Matie - Sportmanne.

## Lieb Lategan, G.C.O., B.A., D.V.LL.B.

Laat begin voetbal speel in Molteno se O 13 spannetjie in 1928. Toe al het hy persoonlik ondervind wat dit beteken om gekrok te wees.

In 1935 en '36 tree hy op in Stellenbosch O 19 A as agste man. Die volgende jaar reeds speel hy 'n paar wedstryde vir die eerstespan en origens vir die tweedes, hoewel die eer hom te beurt geval het om vir die Tirds met Intervarsity te kon gespeel het. Sedert 1938 was hy gereeld lid van die eerstespan en het ook in 1939 en vanjaar weer vir W.P. verteenwoordig.

Voetbal is die beste manier om iemand in alle opsigte te leer ken — soos hy werklik is en nie soos hy hom voordoen nie. Volgens sy beskeie mening is die kenmerke van 'n goeie speler, benewens spoed en gewig, die vermoeë om vinnig te reageer, 100 persent onselfsugtigheid, deursettingsvermoë en die regte temperament. Dis elke speler se plig, terwille van sy span se moraal om net gekleed die veld op te draf en lewendig te wees in sy bewegings.

'n Ware speler sal uit louter liefde vir die spel, goed afgerig bly en om dié rede gereeld lewe en hom van sekere meer aangename tydverdrywe onthou.

### ONOFFISIEEL

Dit word vermoed dat hy in Junie gesak het om die seisoen te kan deurmaak in die Stellenboschse vyftiental. Hy lag nou nog lekker oor dié keer toe Oubaas Mark by 'n O 19 oefening aankom en sê hy moet in die voorste ry gestop word want hy druk nie. Hy en Ivan Jordaan ruil toe om. Laasgenoemde moes glo gedink het dis sy beurt om nou te rus, want toe Laat gewaar boer 'n man by die voorste ry in van agteraf. Dis toe Ivan wat poog om Oubaas Mark se skoenpunt te ontduik omdat hy nie in die agsteman-posisie gedruk het nie.

## Verkeersbeamptes Gehuldig

Uit die laaste Raadsvergadering van ons plaaslike Stadsraad blyk dat die afgelope jaar, die reusebedrag van £615 bedra, wat meer dan £200 hoër is dan verlede jaar. Met dank word verwys na die twee verkeersbeamptes deur wie se onvermoeide ywer die insameling van so 'n groot bedrag moontlik gemaak is.

Stadler en Ko.,
(Eiens.) Bpk.

DORPSTRAAT.

Die Winkel vir Diens en Kwaliteit — met 'n glimlag.

Kruideniersware—Ysterware
Breekgoed en Skryfbehoefte.

Pyrex en Geslypte Glas.

Agente vir
OLIVER PLOEË.

DIE
STELLENBOSSE
STOOMWASSERY

Stuur ons jul Stywe Hemde, Boordjies en Wit Broeke

Tevredenheid Gewaarborg.

*Dringende Bestellings word dieselfde dag uitgevoer en afgelewer.*

Kragstasie Foon 338 Merrimanlaan.

*ONDERSTEUN*
DIE ALOMBEKENDE FIRMA
R. MÜLLER
Eerste vir:
KLAVIERE, DRAADLOOSTOESTELLE EN ALLE ANDER SOORTE MUSIEK-INSTRUMENTE.
Grootste voorraad MUSIEKBOEKE EN MUSIKALE BENODIGDHEDE.
Kwaliteit skep Tevredenheid — Tevredenheid — Reputasie.
Spesiale afdeling vir beste
WAPENS EN PATRONE.
R. MÜLLER (Eiens.) Bpk.
PLEINSTRAAT, STELLENBOSCH.

DIE
PÊRELSE
STOOMWASSERY

Kom laat die Firma wat die beste dienste lewer u ook bedien.

Eienaar: Mnr. W. Marsh.